## Paul Kruger se vyf leeus

Ek het my eerste leeu in 1839 geskiet. Ek was toe 14 jaar oud.

Ons osse was in die weiveld by die Rhenosterrivier in die Oranje-Vrystaat. Die leeu het van ons osse gevang.

Ses man - almal te perd – het uitgegaan om die leeu te soek. Ek was wel die sewende, maar het nog nie saamgetel nie.

Ons het drie-drie saamgery, ‘n ent van mekaar af. Toe ons die leeu eindelik gevind het, het hy dadelik op ons afgestorm. Die drie mans by wie ek was, my vader, my oom en my broer, het die perde aanmekaar gebind en hulle omgedraai met hulle koppe weg van die leeu af.

‘n Metode wat steeds deur die Boere op die leeujag gevolg is, omdat die gevaar bestaan het dat die perde op loop kon gaan van skrik as hulle die leeu sien.

Die drie mans het elkeen die plek wat hom aangewys is ingeneem. Ek het agter, maar volgens die leeu se skuilplek bereken, natuurlik voor die perde bly sit met my geweer gerig op die leeu wat op ons afgestorm het.

Toe hy naby was, het hy hom klaargemaak om, soos dit vir my gelyk het, bo-oor my op die perde te spring. Ek het hom in sy sprong geskiet en hom gelukkig dodelik getref sodat hy byna bo-op my geval het.

Die ander drie mans wie se perde ek opgepas het, het hulle gehaas om my te kom help, maar die leeu was reeds dood. Dit was ‘n groot dier.

Toe hulle die skoot hoor klap, het die ander drie ook na ons toe aangejaag gekom. Ons het saam daar rondom die leeu oor die voorval gestaan en gesels. ‘n Sekere Hugo het voor die leeu se bek gaan sit om die tande, wat besonder groot was, te meet.

Sonder enige kwade bedoelings het ek die leeu ‘n skop teen sy maag gegee, waarop hy skielik ‘n angswekkende brul geuiter het, sodat Hugo die tande-metery vergeet het en van skrik op sy rug geval het.

Die ander het natuurlik geskater van die lag, want soos alle jagters uit ondervinding weet, stoot elke dooie leeu, as mens kort na sy dood op sy maag trap, ‘n kort brul uit asof hy nog leef.

Die geluid word voortgebring deur die lug wat nog in die leeu is en wat nou by die trap op die maag met geweld ‘n weg baan deur die keel. Hugo het dit natuurlik ook geweet, maar nie daaraan gedink nie en hom geskaam omdat hy so geskrik het.

Hy wou my te lyf gaan, maar die ander het hom dit laggende belet en verduidelik dat ek hom slegs in my onwetendheid die skrik op die lyf gejaag.

My tweede leeu het ek agter die Magaliesberge by die Heksrivier geskiet.

My oom Theunis Kruger en ek was agter ‘n trop elande aan toe my perd uitgeput geraak en ek alleen agter gebly het. Terwyl ek op ‘n stap aangery het, het ek ‘n trop leeus teengekom. Ek kon nie vir hulle vlug nie omdat my perd afgemat was.

Plotseling het een van die leeus reg op my afgestorm. Toe hy omtrent twintig tree van my af was, het ek op hom gevuur en die koeël het deur sy kop sy liggaam ingedring.

Hy het neergeval met sy kop weg van my af, maar het dadelik weer opgespring en na die ander leeus geloop terwyl ek nog herlaai. Toe hy by die trop aankom, het hy dood neergeval.

Aangesien ek hierdie leeu so goed getref het, het ek op die ander leeus ook aangeval, maar sonder sukses; hulle het in die berg ingevlug.

‘n Paar jaar later het ek op dieselfde plek nog ‘n ontmoeting met leeus gehad. Ook hulle het van ons beeste geroof.

Toe ons hierdie leeus gevind het, het hulle, netsoos die ander, op die vlug geslaan in dieselfde berg in. Ek het egter vinniger gehardloop as my maats en sodoende daarin geslaag om twee leeus dood te skiet.

My vyfde leeu het ek in die Lydenburgse distrik geskiet, toe ons na die Olifantsrivier getrek het. Hierdie leeu het ook ‘n paar van ons beeste gevang en daarom het ons hom gesoek.

Ek het ‘n baie getroue hond gehad wat my altyd vergesel het en altyd die leeus in die bosse opgespoor het.

Toe hy die leeu gevind het, het hy begin blaf, terwyl die leeu aan die brul gegaan het.

Sodra die hond my sien gesien het, het hy bietjie weg van die leeu af gaan staan.

Laasgenoemde wou my bestorm maar toe het my hond hom van agter af aangeval sodat hy verhinder is om op my af te kom, en ek het daarin geslaag om hom dodelik te tref.

Dit was dan die vyfde leeu wat ek alleen gedood het. In geselskap van ander het ek natuurlik meer geskiet.

………………………………….

Bron: Gedenkskrifte van Paul Kruger; soos meegedeel aan H.C. Bredell, en Piet Grobler; 1947.